



DEPARTEMENT: LANDBOU

Senuweetoestande by kuikens

WAT IS SENUWEETOESTANDE?

Senuweetoestande ontstaan wanneer die bein, rugmurg of spesifieke senuwees geaffekteer is. Verskeie organismes of swakgehalte voer kan tot dié toestande lei. Senuweetekens kom voor wanneer die brein, rugmurg of spesifieke senuwees betrokke is. Senuweetekens wat die meeste voorkom, is:

- Kuikens wat op die grond lê omdat hulle nie regop kan staan nie.
- Loop moeilik (asof dit pynlik is).
- Gedraaide nekke.
- Staar verward in die lug,
- Bewerasie.

WAT VEROORSAAK HIERDIE TOESTANDE?

Die volgende siektes veroorsaak senuweetoestande by pluimvee (gelys volgens die frekwensie waarin hulle voorkom):



- Newcastle siekte
- Hoenderenkefalomiëlitis
- Mareksiekte
- Botulisme

Swakgehalte voer kan ook senuweetekens veroorsaak, gewoonlik weens 'n gebrek aan vitamien B2 of E. Gifstof kan ook tot senuweetekens lei. Verskeie plaagdoders moet nooit by of naby pluimvee gebruik word nie.

Newcastlesiekte

Oorsaak

'n Virus wat aanwesig is in die mis van siek hoenders en in die lug (siek hoenders wat nies). As die mis die voer of water besoedel, kan gesonde kuikens siek word. Hulle kan ook siek word deur besoedelde lug in te asem. Die virus oorleef in die omgewing en kan oorgedra word deur mense, masjiene of toerusting.

Tekens by lewende pluimvee

Kuikens wat die siekte onder lede het, loop dikwels met gedraaide koppe, sukkel om te loop of loop in sirkels. Ander tekens wat dikwels voorkom, is groen diarree, asemhalings-probleme, depressie en kroes vere. Hoenders vrek gewoonlik.

Tekens by dooie pluimvee

Die luggyp kan baie rooi wees, terwyl rooi kolle ook op die hart en/of maag en ingewande kan voorkom. Andersins is die karkas gewoonlik in 'n goeie toestand.

Behandeling

Daar is geen behandeling vir die siekte nie.

Kontrole

Die siekte word deur middel van inenting beheer. Oogdruppel- entstof kan gebruik word óf die entstof kan in drinkwater toegedien word, afhangend van hoe groot jou produksiestelsel is.

INDIEN JY VERMOED DAT DIE SIEKTE OP JOU PLAAS VOORKOM, IS DIT BELANGRIK OM JOU PLAASLIKE STAATSVEEARTS OF DIEREGESONDHEIDSTEGNIKUS TE KONTAK. HULLE SAL JOU HELP OM DIE SIEKTE TE BEHEER EN VOORKOM DAT DIT NA NABURIGE PLASE VERSPREI

Hoenderenkefalomiëlitis

Oorsaak

'n Virus wat aanwesig is in die mis van besmette pluimvee. Gesonde pluimvee kan die siekte kry deur die inname van kos of water wat deur mis besoedel is. Die virus word ook deur die henne aan hulle klein kuikentjies oorgedra. Dit is die belangrikste manier waarop kuikens besmet raak.

Tekens by lewende pluimvee

Volwasse hoenders wat besmet raak, toon nie ernstige tekens nie. Henne produseer egter minder eiers as gewoonlik. Kuikens wat uit hierdie besmette eiers broei, toon senuweesimptome, gewoonlik op vyf tot sewe dae. As een van die kuikens in die hand vasgehou word, kan rillings en bewing gevoel word. Hulle loop moeilik, lê op hulle sy, raak verlam en vrek uiteindelik weens verhongering.

Tekens by dooie pluimvee

Geen spesifieke tekens is waarneembaar nie.

Behandeling

Daar is geen behandeling nie.

Beheer

Die siekte word deur inenting beheer. Pluimvee onder agt weke ouderdom moet nie ingeënt word nie. Lêhenne moet ook nie ingeënt word nie. Op hierdie tye kan inenting tot die siekte aanleiding gee. Die geskikste tyd vir inenting is tussen agt en 16 weke.

Mareksiekte

Oorsaak

'n Virus wat aanwesig is in die vere en in verestof in kuikenhuise kan oorleef. Indien hierdie hokke/huise nie gereeld skoongemaak word nie, sal nuwe kuikens wat daarin geplaas word ook siek word.

Tekens by lewende pluimvee

Hoenders se een of altwee bene of vlerke kan verlam raak. Hulle lê gewoonlik. Hoewel hulle normaal vreet, verloor hulle tog gewig. Vrektes kom selde voor.

Tekens by dooie pluimvee

Die karkasse is baie dun. Senuwees is dik en geel (gewoonlik dun en ivoorwit).

Behandeling

Daar is geen behandeling vir die siekte nie.

Beheer

Inentings is beskikbaar. Probeer geënte pluimvee koop indien moontlik.

Botulisme

Oorsaak

'n Toksien wat deur 'n kiem veroorsaak word. Die toksien is gewoonlik aanwesig in dooie en verrottende pluimvee en ander karkasse. Dit kan ook aanwesig wees in maaiers of brommers wat op die karkasse gevoed het. Hoenders word siek as hulle aan die karkasse, maaiers of brommers pik of water drink of kos inneem wat deur die karkasse besmet is.

Tekens by lewende pluimvee

Hoenders is swak en kan nie loop nie, en raak uiteindelik verlam. Die kop kan gedraai wees of hang. Die vere van die nekarea kan ook uitval.

Tekens by dooie pluimvee

Daar is geen spesifieke tekens nie.

Behandeling

Die drink van baie skoon, vars water kan help om die toksien/bakterieë uit te spoel. Maak dus seker dat vars water altyd beskikbaar is. Soms help behandeling met penisillien ook.

Beheer

Bestuur speel 'n groot rol.

- Verwyder dooie pluimvee dadelik
- Beheer vlieë en brommers

VOEDING AS OORSAAK VAN SENUWEESIMPTOME

- 'n Tekort aan vitamien E veroorsaak malkuikensiekte by kuikens van 2- tot 3-weke-ouderdom. Tipiese tekens is spierswakheid: die kuikens val dikwels, die kop en nek is na agter gedraai, verlamming en uiteindelik vrekte weens verhongering.
- 'n Gebrek aan vitamien B2 (riboflavien) lei tot krultoon-verlamming by 10- tot 14-dae-oue kuikens. 'n Tekort aan hierdie vitamien tas die vlerk- en beensenuwees aan. Tipiese simptome is vertraagde groei: uitgestrekte bene, tone wat inkrul, kop, vlerk- en stertvere wat hang. Die kuikens is nog wakker. Verlamming lei uiteindelik tot vrekte as gevolg van verhongering. Indien vitamien B2 by die drinkwater gevoeg word in 'n vroeë stadium sal die kuikens vinnig herstel.

Om hierdie toestand te voorkom moet jy verseker dat jy die regte voer verskaf (behoorlik geformuleerde kuikenvoer).

HOE KAN EK SENUWEETOESTANDE BY MY KUIKENS VOORKOM?

- Ent jou kuikens in teen onder andere Newcastle-siekte, om te voorkom dat hulle siek word.
 - Goeie bestuur is ook belangrik:
- Vermyn samedromming deur die korrekte aantal honders vir die beskikbare spasie aan te hou.
 - Voldoende lugsirkulasie in die hokke/huise is belangrik.
 - Tussen die verskillende besendings moet die hokke/huise gereeld gewas, drooggemaak en ontsmet word.
 - Beheer die getalle ander voëls en rotte omdat hulle ook siektes kan versprei.
 - Maak die masjiene en toerusting skoon en ontsmet dit.
 - Probeer om nie te veel mense op jou plaas toe te laat nie.
 - Dooie pluimvee moet so gou moontlik verwyder word.
 - Voorsien 'n gebalanseerde dieet.
 - Beheer vlieë en brommers.

**Vir verdere inligting kontak jou naaste dieregesondheidstegnikus, privaat of staatsveearts
of
Animal Health for Developing Farmers
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut
Privaatsak X05, Onderstepoort 0110
Tel. (012) 529 9158
of
Resource Centre, Department van Landbou
Tel. (012) 319 7141/7085**

2001

Saamgestel deur Direktoraat Landbou-inligtingsdiens, Departement van Landbou
in samewerking met
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut

Gedruk en uitgegee deur Departement van Landbou
en verkrygbaar van Resource Centre, Direktoraat Landbou-inligtingsdiens,
Privaatsak X144, Pretoria, 0001 Suid-Afrika

Inligting verskaf deur
Animal Health for Developing Farmers
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut
Privaatsak X05, Onderstepoort 0110
Tel. (012) 529 9158